NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur 200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2020

VRAAG 1 VOORRAADBEHEER EN BTW [45 punte; 27 minute]

DEEL A

Wen Bpk. is 'n maatskappy wat medaljes en trofees verkoop aan klubs wat hardloop-byeenkomste aanbied, sowel as aan skole. Hulle maak van die periodieke voorraadstelsel gebruik. Hul finansiële jaar eindig op 30 Junie 2020.

Hulle waardeer hul voorraad soos volg:

- Medaljes – geweegde gemiddelde-metode
- Trofees – EIEU-metode

Inligting aangaande medaljes:

- Medaljes arriveer in bokse van 50 en het 'n afleweringsfooi van R75 per boks.
- Daar was 5 bokse ter waarde van R2 034 voorhande op 1 Julie 2019. (Dit sluit hul afleweringskoste in.)
- Die rekenaar toon dat 34 bokse gedurende die jaar gekoop is vir 'n totaal van R15 190. (Dit sluit hul afleweringskoste in.)
- Een van hierdie bokse met 'n koste van R470 is aan die verskaffer teruggestuur. Die afleweringsfooi is nie terugbetaalbaar nie.
- Alle terugsendings hou direk verband met aankope in die vorige maand.
- Die voorraadopname op 30 Junie 2020 het 'n totaal van 7 bokse voorhande getoon.
- Medaljes word vir R30 elk verkoop. 'n Totaal van 27 bokse is verkoop.

Inligting aangaande trofees:

		Trofees EIEU		
Besonderhede	**Datum**	**Eenhede**	**Per eenheid (R)**	**Totale waarde (R)**
Beginvoorraad	1 Julie 2019	550	200	110 000
Totale aankope		1 420		538 000
Aankope	30 Sept. 2019	620	400	248 000
	30 Des. 2019	100	800	80 000
	29 Feb. 2020	700	300	210 000
Terugsendings	5 Okt. 2019	50	?	?
Terugsendings	7 Maart 2020	42	?	?
Eindvoorraad	30 Junie 2020	?	?	?
Verkope vir die jaar		650	600	390 000

IEB Copyright © 2020

DEEL B BTW WORD BEREKEN TEEN 15%

Jacorine Booyens, die eienaar van Wen Bpk., het besluit om te kyk na 'n ander onderneming genaamd Begin tot Einde Bpk. wat T-hemde vir wedlope aan wedlooporganiseerders verkoop. Vanweë die aard van hierdie onderneming word 90% van verkope op krediet gedoen en hulle betaalvoorwaardes is 60 dae rentevry.

Die onderneming is 'n geregistreerde BTW-ondernemer en gebruik die faktuurbasis om BTW wat teen 15% gehef word, op te teken. Hulle moet elke twee maande BTW betaal.

Transaksies 1–5:

1. **Kredietverkope vir Junie 2020 het R75 900 (BTW ingesluit) beloop. Die koste van hierdie verkope het R66 000 beloop.**

2. Jy moet ook die BTW op kontantverkope in berekening bring.

3. Totale kredietaankope het R2 070 (BTW ingesluit) beloop. T-hemde ter waarde van R360 (BTW uitgesluit) is aan die verskaffer teruggestuur.

4. 'n Debiteur, A. Speirs, wat goedere in Maart 2018 vir R1 200 (BTW uitgesluit) gekoop het, het nog steeds nie sy rekening betaal nie. Daar is besluit dat hierdie skuld afgeskryf sal word.

5. Begin tot Einde Bpk. het hul rekening by MileSmile Bpk. ('n krediteur) vereffen en is met 'n korting van R690 beloon.

IEB Copyright © 2020

VRAAG 2 FINANSIËLE STATE [55 punte; 33 minute]

Die inligting wat volg, hou verband met STAP SENTRAAL BPK.

- Stap Sentraal Bpk. verkoop stapuitrusting vir die avontuurlustige reisiger.
- Die syfers wat reeds in die Staat van Omvattende Inkomste opgeneem is, kom uit die vooraansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2020.
- Die onderneming gebruik deurentyd 'n winsgrens van 60% op kosprys.

A. Uittreksel uit die finansiële state soos op 30 Junie 2020 **voor die aansuiwerings hieronder**.

	30 Junie 2020	**30 Junie 2019**
Opgehoopte waardevermindering: Toerusting	?	51 600
Vaste deposito	396 480	
Handelsvoorraad	47 500	
Debiteurekontrole	165 440	32 000
Voorsiening vir oninbare skuld		6 580
SAID – Inkomstebelasting	41 000 (dt.)	-
Behoue inkomste	200 000	?
Bank	26 480 (kt.)	

B. Aansuiwerings en bykomende inligting **wat nog nie in ag geneem is nie**.

1. Direkteursgelde van R15 222 is uitstaande aan die einde van die finansiële jaar.

2. Tente en stapuitrusting is aan 'n plaaslike skool geskenk wat 'n oorsese reis van 22 dae gaan onderneem. Vanweë hierdie skenking is 'n bruto wins van R4 500 verbeur wat gemaak sou word indien hierdie voorraad verkoop sou word. Die rekenmeester het nog nie hierdie inskrywing gemaak nie.

3. 'n Fisiese voorraadopname op dieselfde datum, 30 Junie 2020, het aan die lig gebring dat slegs R38 922 se voorraad beskikbaar was.

4. Camps4Africa, 'n huurder, huur kantoorruimte. In 'n moeilike ekonomiese klimaat het hulle huur tot 31 Augustus 2020 betaal in ruil vir 'n huur-vermindering van R550 per maand. Alle partye het hiertoe ingestem en dit het op 1 Maart 2020 in werking getree.

5. Stap Sentraal Bpk. het @Alexleroux314, 'n sosialemedia-bemarkingsagent-skap, gevra om hulle te help om hul klantebasis uit te brei. Op 1 Junie 2020 is 'n enkelbedrag van R5 175 aan @Alexleroux314 betaal om hul bemarkingsdienste vir die volgende 3 maande te dek.

IEB Copyright © 2020

6. 'n Tjek vir R3 382 van 'n debiteur is deur die bank teruggestuur en gemerk as onvoldoende fondse. Hierdie tjek is ontvang na 'n korting van 5% aan debiteure toegestaan is.

7. Pas die voorsiening vir oninbare skuld aan tot 3% van die uitstaande debiteure.

8. Nuwe toerusting, met 'n kosprys van R18 000, is op 1 Oktober 2019 gekoop en korrek opgeteken. Totale toerusting het op 30 Junie 2020 'n kosprys van R129 000 gehad. Die waarde van alle toerusting verminder teen 10% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode.

9. R196 480 van die vaste deposito het op 30 Junie 2020 verval. Geen inskrywings ten opsigte van die deposito is gemaak nie. Die res van die vaste deposito sal op 15 Januarie 2021 verval.

10. Inkomstebelasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2020 het R35 000 beloop, wat 28% van die netto wins voor belasting was.

11. 13 650 aandele is op 31 Maart 2020 teen R7,50 elk teruggekoop. Die gemiddelde aandeleprys op hierdie datum is bereken op R4 per aandeel. Alle betalings aangaande die terugkoop van aandele is opgeteken.

12. Die tussentydse dividend vir die jaar was R134 844. Dit was twee vyfdes ($^2/_5$) van die totale dividend.

IEB Copyright © 2020

VRAAG 3 KONTANTVLOEISTAAT [49 punte; 29 minute]

Die inligting wat volg, hou verband met SPEIRS BPK.

1. **Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020**

Koste van verkope	R2 200 000
Rente op lening: Pearce Bank	?
Rente op verband: Houg Bank	R316 250
Waardevermindering	?
Netto inkomste na belasting	R518 400
Belasting vir die jaar	R201 600

2. **Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie soos op 29 Februarie 2020**

	2020	**2019**
Gewone aandelekapitaal	R5 850 000	R4 500 000
Behoue inkomste	R1 297 150	R1 000 000
Tasbare bates teen drawaarde	R4 700 000	R3 683 600
Voorraad	R260 000	?
Debiteurekontrole	?	?
Krediteurekontrole	R426 420	R520 000
SAID: Inkomstebelasting	R9 250 (dt.)	R7 000 (dt.)
SAID: BTW	R580 (kt.)	1 970 (dt.)
Opgelope uitgawes (rente op verband)	R27 600	R31 625
Aandeelhouers vir dividende	?	R80 000
Lening: Pearce Bank	R100 000	0
Verband: Houg Bank	R2 880 000	?

3. **Tasbare bates**

Kontantvloei uit beleggingsbedrywighede-afdeling van die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020 is korrek opgeteken.

Tasbare bates gekoop	**(1 440 000)**
Verkope van tasbare bates teen drawaarde	**320 000**

IEB Copyright © 2020

4. Verband en lenings

- 'n Lening is by Pearce Bank verkry en die geld is op 1 Desember 2019 in die onderneming se bankrekening gedeponeer.
- Die rente op die lening by Pearce Bank is 15% p.j. Die eerste bedrag is op 1 Maart 2020 betaalbaar.
- Speirs Bpk. het ook hul **verband by Houg Bank** op 1 Februarie 2020 verhoog. 'n Verbandterugbetaling van R60 000 is maandeliks gedoen.
- Rente op die lening en die verband word nie gekapitaliseer nie.

5. Bedryfskapitaal

Veranderinge in bedryfskapitaal vir die huidige jaar het 'n uitvloei van R78 400 beloop.

6. Verhoudings

	2020	**2019**
Die skuld-tot-ekwiteit-verhouding	?	0,6 : 1
Die voorraadomsetsnelheid	11 keer	?

7. Aandele en dividende

- Daar was 450 000 uitgereikte gewone aandele op 28 Februarie 2019.
- Nuwe aandele is op 1 November 2019 uitgereik teen 'n prys van R18 per aandeel.
- Die direkteure het op 31 Augustus 2019 'n dividend van 20 sent per aandeel betaal en 'n finale dividend van 25 sent per aandeel is op 27 Februarie 2020 deur die direkteure verklaar.

IEB Copyright © 2020

VRAAG 4 VERVAARDIGING EN BATEVERKOPE [51 punte; 31 minute]

Die inligting hieronder verwys na FOOTI FOOTGEAR BPK.

Footi Footgear Bpk. vervaardig die jongste versameling modieuse skoene. Hul finansiële jaar eindig op 30 Junie. Totale verkope vir die jaar geëindig 30 Junie 2020 het R4 200 000 beloop en hulle implementeer 'n winsgrens van 110% op kosprys.

A. Voertuie:

- Alle voertuie word deur die vervaardigingsdepartement gebruik.
- Waardevermindering op voertuie word bereken teen 15% p.j. volgens die kosprysmetode en geen voertuie is gedurende die jaar gekoop nie.
- 'n Voertuig is op 30 April 2020 verkoop vir R83 000 kontant.
  Die verkoop van die vaste bate is ***nie*** opgeteken nie.

Die vastebate-register weerspieël die volgende besonderhede:

BATE	Afleweringsvoertuig	**DATUM VAN AANKOOP**	1 Julie 2016
KOSPRYS	R141 000	**WAARDEVERMINDERINGS-KOERS**	15% p.j. op koste
REKORD VAN WAARDEVERMINDERING			
Datum	**Waardevermindering**	**Opgehoopte waardevermindering**	**Boekwaarde**
30 Jun 2017	R21 150	R21 150	R119 850
30 Jun 2018	R21 150	R42 300	R98 700
30 Jun 2019	R21 150	R63 450	R77 550
30 April 2020	?	?	?

B. Die volgende saldo's is in die voorraadrekeninge aangetref:

	30 Junie 2020	**30 Junie 2019**
Grondstowwe	698 171	?
Voorraad goedere-in-bewerking	?	20 000
Klaarprodukte	840 000	590 000

C. Grondstowwe

- Aankope van grondstowwe gedurende die jaar het R588 550 beloop.
- Grondstowwe aan die verskaffer teruggestuur, R4 000. Geen inskrywing is gemaak nie.
- Nadat die voorraadopname op 30 Junie 2020 gedoen is, is grondstowwe met 'n kosprys van R3 171 uit die voorraadkamer gesteel. Geen inskrywing is gemaak om hierdie diefstal op te teken nie.

IEB Copyright © 2020

D. Vervoer

Footi Footgear Bpk. uitkontrakteer hul aflewering van verkope aan FastCar vir R33 000 per jaar. Hulle gebruik egter hul eie voertuie om grondstowwe van verskaffers na die fabriek te vervoer. Die bestuur het opgemerk dat hulle presies 3 keer minder betaal om hul eie voertuie te gebruik om grondstowwe te vervoer.

E. Arbeid

Footi Footgear Bpk. het 8 werkers in diens wat by die produksie van skoene betrokke is. Werknemers verdien elkeen 'n jaarlikse bruto salaris van R108 000 en die volgende aftrekkings en bydraes is op hul salarispakket van toepassing.

	Aftrekkings	**Bydraes**
WVF	1%	1%
Pensioen	8%	12%
LBS	18%	-

Die fabriekstoesighouer verdien 'n bruto maandelikse salaris van R24 500. Hy word egter 'n gewaarborgde bonus van 15% op sy bruto jaarlikse salaris betaal op voorwaarde dat Footi Footgear Bpk. geen ander bydraes tot sy salarispakket maak nie.

F. Bykomende inligting

Die volgende bedrae aangaande verkope en verspreiding is op 30 Junie 2020 in die rekeningkundige rekords aangetref:

	R
Huuruitgawe	208 000
Verbruiksgoedere	17 600

- Huur word in die verhouding 4 : 3 tussen die fabriek en verkope en verspreiding toegedeel. Die huur vir verkope en verspreiding is egter tot 31 Julie 2020 betaal, terwyl die fabriekshuur slegs tot 30 Junie 2020 betaal is.

- Verbruiksgoedere is slegs in die fabriek en verkope en verspreiding gebruik: 40% van die verbruiksgoedere is in verkope en verspreiding gebruik.

- 'n Totaal van R11 000 is vir fabrieksversekering betaal. 'n Versekerings-premieverhoging van 6% is op 1 Junie 2020 geïmplementeer.
  Versekering vir Junie 2020 is nog nie betaal nie.

- Water en elektrisiteit vir die fabriek moet bereken word.

IEB Copyright © 2020